

Wenke vir jou eie geestelike groei:

Om 'n jeuggroep-leier te wees bied 'n wonderlike geleentheid om die Here se Woord op 'n ander manier te hoor. Kinders hoor en ervaar God op verskillende maniere. Soms dink ons dat kinders alles net aanvaar of net eenvoudig glo, maar dis juis kinders wat vrae vra om meer van God te leer. Wees oop vir hierdie geleenthede en hou jou eie ore en hart oop om God se stem te hoor deur die voorbereiding van die lesse of deur die kinders se bydrae.

Die volgende wenke kan jou help om genoeg aandag aan jou eie geestelike groei te gee terwyl jy 'n jeuggroep aanbied:

DAGSTUK

Peter Scazzero het 'n dagstuk boekie saamgestel op grond van sy boek *Emotionally Healthy Spirituality*. Die doel van die dagstukke is om jou te help om 2 keer 'n dag te stop om die gewoonte te kweek om Jesus deel te maak van jou elke dag se bestaan. Die boekie is by CUM boeke beskikbaar: *Emotionally Healthy Spirituality - Day by Day* (Peter Scazzero).

PRAY-AS-YOU-GO APP

Die Pray-as-you-go App kan op jou foon gelaai word en jy kan in jou middagete of saans daarna luister. Hierdie hulpmiddel sal jou help om oor jou dag te reflekteer en jou bewustheid van die Here se teenwoordigheid in jou lewe verhoog. As jy nie die App op jou foon wil aflaai nie kan jy na die daaglikse stukkie op die webwerf gaan luister: <http://www.pray-as-you-go.org/home/>

VOORBEREIDING VAN LES

Wanneer jy voorberei vir die les, kyk of die Here met jou praat deur die les en jou aandag wil fokus op 'n spesifieke area in jou lewe. Gebruik die les as 'n geleentheid vir stilword en Bybelstudie. Die lesse se inhoud is nie net vir die kinders nie, maar ook vir elkeen van ons.

JEUGGROEP-LEIER KLEINGROEP

Bespreek die inhoud van die les met die ander leiers van jou graadgroep. Julle kan selfs 'n "kleingroep" van julle eie vorm en 2 keer 'n kwartaal bymekaar kom om die lesse en julle ervarings in die groepe te deel. Julle kan ook afsprek om 'n spesifieke preek te bespreek wat julle van die webblad afgelaai het. Al die preke is op Durbanville Gemeente se webblad beskikbaar: <http://www.durbanvillegemeente.co.za/>

Julle is welkom om die jeugwerker of een van die dominees te nooi wanneer julle bymekaar kom.

RETRAITS

Probeer om 'n retrait een keer 'n jaar by te woon. Dit is 'n waardevolle geleentheid om geestelik te groei en dit weer te gebruik in jou groepie.

GEESTELIKE ONDERSTEUNING

Ons beveel aan dat elke jeuggroep-leier 'n mentor of vriend kry met wie hulle gereeld 'n gesprek kan hê oor hulle geloofsgroei. Hierdie mentor kan jou help en ondersteun en ook as 'n klankbord dien vir jou ervaring as jeuggroep-leier. Die jeugwerkers en dominees sal dit geniet om hierdie rol te vervul, maar jy is ook welkom om 'n vriend te nader indien dit vir jou gemakliker sal wees.

STILWORD

Indien dit vir jou moontlik is kan jy op 'n Dinsdagoggend 08:00 saam met die Bestuurspan kom stilword in die kerkgebou. Dit is 'n halfuur waar ons individueel stilword rondom die teks van die week met rustige musiek in die agtergrond.

AFLOS

Vra een van die ouers van die kinders in jou groep om jou een keer 'n kwartaal af te los sodat jy 'n diens kan bywoon (op toepassing van Voorskool tot Graad 3 jeuggroep-leiers).

KLEINGROEPE

Skakel in by 'n kleingroep. In 'n kleingroep groei 'n mens in jou dissipelskap, want daar is mense wat vir jou bid, jou bemoedig, by wie jy leer en wat jou ook verantwoordbaar hou vir jou lewe saam met Christus.

LECTIO DIVINA

In ons gemeente oefen ons die geloofsgewoonte van Lectio Divina (dit beteken "Goddelike lees") wat uit die vroeë kerk kom. Ons het die gebruik om in die week voor Sondag, die teks waaroor daar Sondag gepreek gaan word, oor en oor te lees. Ons doen dit, omdat ons glo dat tekste nie net informasie vir ons gee nie, maar dat dit transformasie in ons lewens bring, as ons die Gees toelaat om deur die teks met ons te praat. Een teoloog het gesê dat 'n mens 'n teks aanhou lees totdat jy dit leef. (Jy kan Lectio Divina op Dinsdae oggende 08:00 in die Kerk kom oefen.)

VLOEI VAN LECTIO DIVINA

1. Lees die teks rustig deur. Probeer verstaan wat jy lees. Moet egter nie vashaak by dinge wat jy nie verstaan nie.
2. Lees die teks 'n tweede keer deur:
 - Lees luisterend, wagtend, om Jesus se stem vir jou te hoor.
 - Is daar 'n woord, beeld of sin wat vir jou uitstaan?
 - Gaan "sit" in daardie woord, beeld of sin, en hoor wat die Gees vir jou wil sê.
(Bestee 75% van jou tyd aan punt 2)
3. Doen 'n kort gebed waarin jy antwoord op wat jy gehoor het.
4. Maak notas. (Jy sal nie elke dag iets hoor nie – dit is normaal.)

DAAGLIKSE NADENKE

Nog 'n baie ou geloofsgewoonte in die kerk is om aan die einde van die dag na te dink oor hoe Christus in jou dag teenwoordig was.

Jy kan dit op jou eie of saam met ander mense doen. Daaglikse nadenke help dissipels van Jesus om meer bewus te raak van sy teenwoordigheid en heerskappy in ons alledaagse handel en wandel.

VRAE WAAROM JY KAN NADINK IS:

- Waarvoor is ek dankbaar vir vandag? Waarvoor is ek nie dankbaar vir vandag nie?
- Waar/wanneer het ek Christus se teenwoordigheid ervaar? Waar/wanneer het ek nie Christus se teenwoordigheid ervaar nie?
- Hoe het ek liefde ontvang of gegee? Hoe het ek gesukkel om liefde te ontvang of te gee?
- Wie het Christus vandag oor my pad gestuur? Oor wie se pad het Christus vir my gestuur?

Jy kan ook luister na die *Examen* op die Pray-as-you-go App om jou hiermee te help.

Mag jou reis as jeuggroep-leier vir jou geestelik verreikend wees en jy ervaar hoe God jou saam met die kinders laat groei in geloof en liefde.